

Die Taak van die Verpleegonderwys

deur

Prof. W.J. Kotzé



TUK 610.730711
KOTZE

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 104

Die Taak van die Verpleegonderwys

deur

Prof. W.J. Kotzé

Intreerede gelewer op 4 Junie 1976 by die aanvaarding van die professoraat in en die hoofskap van die Departement Verpleegkunde

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:

**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083**

Prys: 70 sent

ISBN 0 86979 004 8



**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 104**



2355632

Die formele opleiding van verpleegsters neem in 1800 'n aanvang in Duitsland met die instelling van 'n verpleegskool aan die Universiteit van Heidelberg deur ene professor Franz May¹. Verskeie verpleegskole word in die jare hierna in Duitsland gestig, waarvan die bekendste die opleidingsentrum vir diakonesse is wat pastoor Theodor en sy vrou Frederika Fliedner in 1836 by Kaiserwerth tot stand gebring het². Dit is aan hierdie skool dat Florence Nightingale in 1851 vir 'n kursus van drie maande³ in verpleegsorg en in die bestuur van inrigtings inskryf.

Met die koms van die Nightingale-era verander die konsep 'verpleging' en 'verpleegster' radikaal. In die evolusie van professionele verpleging is die koms van die beginsel van die onmisbaarheid van opleiding vir effektiewe en genoegsame verpleegpraktyk hoofsaaklik die bydrae van Florence Nightingale — "Training is to enable the nurse to see what she sees ... and to do what she is told ... not only by rule of thumb but by having a rule of thought or observation to guide her⁴...

Training is to teach the nurse to help the patient to live. Nursing the sick is an art and an art requiring organized, practical and scientific training⁵...

Training is enabling you to use the means you have in yourselves⁶.

Só besin sy by geleentheid bykans 'n eeu gelede oor die voorbereiding van die verpleegster vir haar lewenstaak en lê sy die grondslag vir die opkoms van verpleging as wetenskap en beroep, sodat sy vandag aanvaar word as die stigter van moderne verpleging⁷. In 1893 verwys sy self na die omwenteling in die ontwikkeling van die beroep met die woorde: "A new art and a new science has been created since and within the last forty years. And with it a new profession — so they say; we say, calling ... the art of that is nursing the sick"⁸. Hoedanighede wat Florence Nightingale as die noodsaaklike besit van die bevoegde verpleegster stel, word vanweë die tydloosheid daarvan vandag, 'n eeu later, steeds as fundamenteel belangrik geag — sommige hiervan is: die vermoë tot akkurate waarneming; intelligente, vinnige interpretasie en optrede gegrond op insig uit kennis verwerf; betroubaarheid, lojaliteit en 'n ontwikkelde sin van verantwoordelikheid, selfordening en roepingsbewustheid; en voortgesette selfstudie om op hoogte te bly en tred te hou met ontwikkelinge in die geneeskunde — sy maak dié opmerking in hierdie verband: "Indeed, every five or ten years a nurse after leaving the hospital really requires a second training nowadays"⁹.

Die Nightingale-patroon van opleiding van verpleegsters het oor die Britse Ryk versprei; in Suid-Afrika word dit deur die Anglikaanse Susters vasgelê. Henrietta Stockdale, stigter van professionele verpleging in Suid-Afrika was lid van hierdie susterskap en het die eerste professionele verpleegopleiding in Suid-Afrika in Januarie 1877 by die Carnarvonhospitaal, Kimberley

begin¹⁰). Haar leerlinge dra verpleegopleiding uit oor die land, selfs na buite die grense. Haar ideaal om verpleegopleiding as aanvaarde deel van die algemene onderwysstelsel van Suid-Afrika te sien, het egter onvervuld gebly. Dit is 'n ideaal van die verpleegberoep hier te lande wat steeds slegs ten dele bewaarheid is.

Buiten die instelling van diplomakursusse vir die opleiding van dosente in Verpleegkunde in 1935 aan die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad en in 1949 aan die Universiteit van Pretoria, het die grootste deurbraak in 1955 gekom met die instel van die eerste basiese voorgraadse kursus in Verpleegkunde in Suid-Afrika aan die Universiteit van Pretoria. Die eerste groep studente registreer in 1956 vir dié kursus, BA (Verpleegkunde). Voorgraadse graadstudie in die Verpleegkunde in Suid-Afrika is dus vanjaar twintig jaar oud.

Sedert hierdie belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van ons beroep is 319 basiese baccalaureusgrade (BA(Verpleegkunde) en B Curationis), 12 nabasiese baccalaureusgrade (BCur(I et A)) en 27 magistergrade in Verpleegkunde¹¹ deur die Universiteit van Pretoria toegeken. Die verpleegonderwys aan hierdie Universiteit binne 'n eie Departement van Verpleegkunde voltooi aan die einde van hierdie jaar 'n dekade van arbeid. In die geheel gesien: 'n kort geskiedenis, 'n jong departement. By die herinnering egter aan die stryd wat sy bestaan voorafgegaan het en in die geloof dat die verpleegonderwys in diens van die maatskappy staan en dat die bewering "A teacher affects eternity; he can never tell where his influence stops"¹² juis is, het hierdie Departement 'n grootse taak wat verantwoordelikheid en toewyding van elkeen van sy leerkrigte vra.

Diegene gemoeid met die onderwys word telkens voor die opgaaf gestel om te antwoord op die vraag: Wat is die taak van die onderwys? Ook die verpleegonderwyser het as verantwoordelikheid om te besin oor die taak van die verpleegonderwys, om daarin te glo en om die doelstellings daarvan tot die beste van haar vermoëns te verwerklik.

Verpleegonderwys val binne die kader van beroepsgerigte onderwys. In ooreenstemming met die doelstellings van die verpleegberoep¹³ om 'n hoë standaard van verpleegkundige en verloskundige diens te lewer met behulp van 'n verpleegmag wat in vennootskap met die geneeskundige mag in staat is om in die voorste linies van die gesondheidsvoorsienende dienste te funksioneer, het die verpleegonderwys as primêre taak

- * die toerusting van die verpleegstudent met die wetenskaplike kennis om met bevoegdheid aan die eise van die geneeskundige en die geneeskundige tegnologie te voldoen en omvattend verpleegkundige voorsien in die totale behoeftes van die pasiënt;

- * om die moontlikhede te skep en die fasiliteite daar te stel wat nodig is vir die gedying van die verpleegstudent tot 'n opgevoede, gevormde, betroubare, professionele lid van die maatskappy;
- * om die verpleegkundige en ander studiegebiede voortdurend na te vors ten einde akademies toegerus te bly vir hierdie omvangryke taak.

Daar kan hierin hoofsaaklik twee groot bestanddele onderskei word:

- * eerstens, 'n navorsingstaak as die voortgesette soeke na en verowering van nuwe kennis ter verheldering en uitbouing van die verpleegkunde as dinamiese en grootliks onontginde studiegebied;
- * tweedens, 'n onderwystaak as die skep van moontlikhede vir die student ten einde beide as mens en as professionele persoon tot volwassenheid te groei deur die oordra van kennis en vaardighede as lewenswerklikhede en die begeleiding van die student tot die aanvaarding van bepaalde waardes en norme as lewensbeginsels.

Alvorens daar kortliks oor elk van hierdie fasette besin word, word die aandag gevestig op enkele **faktore wat die verpleegonderwystaak ten nouste raak en kompliseer en besondere eise daaraan stel:**

1. Die aard van die didaktiese werkveld in die basiese verpleeg- onderwys

Die grootste deel van die jong voorgraadse student se professionele voorbereiding vind in die kliniese veld plaas. Die opgaaf van die verpleegonderwys hierin is om die klem voortdurend te verskuif van 'n dienslewering- na 'n didaktiese situasie — met ander woorde, van die student as werkkrag na die student as student. Die problematiek inherent hieraan in die beroepsvoorbereiding van verpleegsters in Suid-Afrika het in die verpleegonderwys geen gelyke nie en is sekerlik die grootste enkele remmende faktor in die verwerliking van die opvoedkundige doelstellings. Die verpleegonderwyser het as taak om die kliniese situasie voortdurend te omskep tot oefenveld waarin die student die geleentheid vind om te leer om haarself met betrekking tot die totale behoeftes van die pasiënt terapeuties te gebruik. In die situasie waar die diens egter hoofsaaklik van 'n studentmag vir dienslewering afhanklik is en onder personeeltekorte gebuk gaan kan dit wel gebeur dat daar min geleentheid vir werklik meer as net die nodige fisiese versorging van die pasiënt oorbly.

2. Die aard van die veld van interpersoonlike verhoudinge in die dienste het verander

Die belangrikste voorbeelde hiervan met definitiewe betekenis vir die verpleeg-
onderwys is die volgende:

- * die periode van kontak tussen student en pasiënt het met die toenemende korter verblyf van die pasiënt in die hospitaal sodanig gekrimp dat
 - eerstens, daar dikwels nouliks die geleentheid bestaan vir die geleidelike en spontane ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding tussen student en pasiënt. Sy moet dus geleer word om elke geleentheid doelmatig te benut vir die daarstelling van so 'n verhouding — nie net vanweë die terapeutiese noodsaaklikheid daarvan nie, maar ook vanweë die belang daarvan vir haar totale professionele vorming;
 - tweedens, die geleentheid om te leer om die pasiënt te versorg wat langdurig aan die siekbed gekluister is, beperk word en wel deur die groot persentasie pasiënte wat bydra tot die snelle pasiëntomset wat die moderne hospitaal kenmerk, terwyl die ontwikkelde gemeenskap vandag juis gekenmerk word deur die toenemende voorkoms van langdurige ongesteldheid as gevolg van degeneratiewe siektetoestande en van die veroudering van die bevolking. Namate hierdie probleem groei, word dit toenemend belangrik dat die volle omvang van chroniese versorging asook die belang van die terapeutiese ondersteuning van die pasiënt in die voorbereiding van die student beklemtoon word;
- * die verhoudingsveld, wat gesondheidswerkers betref, het aansienlik uitgebrei, sodat daar vandag gepraat word van die terapeutiese span. Die verpleegstudent moet dus van aanvang af leer hoe om in spanverband te werk, wat haar spesifieke taak in die geheel is en hoe en wanneer dit wysig. Hierdie verhoudingsveld sluit paramediese en tegniese gesondheidspersoneel asook subprofessionele verpleegpersoneel in, sodat die verpleeg-
onderwys op basiese en voortgesette vlak vandag in hoë mate afgestem is op die ontplooiing van die leierskapsvermoëns van die student;
- * die spanverhouding self het terapeutiese betekenis gekry, met die pasiënt en gesinslede as lede van die span.

3. Die pasiënt het verander namate die siektepatroon en die geneeskundige wetenskap verander het

Hy is nou byvoorbeeld

- * die pasiënt wat hoogs gespesialiseerde versorging in 'n waakdienseenheid verg as prooi

- van die siektes van die geïndustrialiseerde gemeenskap, dit wil sê koronêrevatsiektes, motor- en nywerheidsongelukke, en so meer, of
- van die oorplantingchirurgie vir die ontvangs van 'n lewensbelangrike orgaan.

Afgesien van dit wat hierdie pasiënt met betrekking tot tegnologiese vaardighede vir lewensreddende en lewensonderhoudende optrede van die verpleegster vra, stel hy as eksistensiële-bedreigde, vanweë sy feitlik volslae fisiese afhanklikheid van die masjien, en van die tegniek en die kennis en welwillendheid van die terapeutiese span, geweldige hoë eise vir onder-skraging en vir die ontwikkeling van geborgenheidsbelewering aan die verpleegster, juis omdat sy die enkele spanlid is met wie hy die langdurigste kontak het;

- * die pasiënt wat vanweë die gevaar van oordraging van infeksie in 'n steriele eenheid afgesonder word. Om hierdie rede bestaan die moontlikheid dat kontak met die pasiënt tot 'n minimum beperk word. Afgesien hiervan word die van-aangesig-tot-aangesig-ontmoeting en die gesprekvoering, verbaal en nie-verbaal, belemmer deur die dra van maskers. Daar gaan van so 'n pasiënt 'n besondere oproep tot die medemenslikheid van die verpleegster uit en sy moet leer om spesiale maatreëls te tref om vereensaming by hierdie mens teë te werk;
- * die pasiënt wat vanweë die chemoterapie vir 'n onkologiese toestand gespesialiseerde aandag en versorging van die verpleegster verg;
- * die werker in die industrie, die moeder van die pasgeborene tuis, die vroegontslaande pasiënt, die beseerde soldaat in die veldhospitaal, die jong paar in die kliniek vir genetiese voorligting, die slagoffer in 'n ramp, en so meer.

Waar ook al die geneeskundige sy wetenskaplike taak vervul, het die verpleegster haar verpleegkundige taak van 'n aanvullende en ondersteunende aard, afhange van die behoefte daaraan op die voorkomende, bevorderende, genesende of rehabiliterende vlak van gesondheidsdienslewering.

4. Die taak van die verpleegster het verander

Namate die betekenis van die begrip verpleging verbruim het, het ook die taak van die verpleegpraktisyn in dimensies toegeneem. Dit is Florence Nightingale wat die tradisionele eng betekenis van die term verpleging as siekeversorging verbystee en dit verbreed om gesondheidsorg aan die mens én die daarstelling van 'n higiëniese omgewing in te sluit. Sy onderskei tussen 'health

or general nursing' en 'nursing the sick or nursing proper'¹⁴). Verpleging word vandag algemeen aanvaar as 'n eiesoortige professionele dienslewering, aanvullend en ondersteunend, selfs plaasvervangend tot dié van die geneeskundige, in persoonlike, gesins- en gemeenskapsverband, op alle vlakke van gesondheidsdienslewering. Die beroepsvoorbereiding van die verpleegkundige is om hierdie rede basies reeds omvattend, sodat sy, anders as vroeër, reeds as jong professionele praktisyn in staat sal wees om in die pasiënt se totale nood aan gesondheidsdienste te voorsien.

Vanweë die eise in die praktyk is sy egter, ten einde professioneel bevoeg te bly, genoodsaak om aan te hou studeer. Benewens voortgesette onderwys het ook spesialisasie in die verpleegkundige beroepsvoorbereiding op voortgesette vlak 'n onafwendbare en voldoende feit geword.

Dit is fundamenteel belangrik dat die verpleegonderwys die verruimde betekenis van verpleging en van die taak van die verpleegster vooruit bly en as uitdaging aanvaar, want dit is juis die aanvaarding van die verpleegster in hierdie rol wat haar in die gesondheidspan onmisbaar maak en wat verseker dat die pasiënt immer tussen hom en die koudhardheid van die wetenskap en die tegnologie die verpleegkundige as buffer en tussenganger sal hê.

DIE NAVORSINGSTAAK VAN DIE VERPLEEGONDERWYS

Die verpleegkundige navorser in hierdie land is besonder bevoorreg in dié sin dat sy baanbrekerswerk doen. Tegelyk egter is hierdie 'n moeilike opgaaf. Juis vanweë die relatiewe onontgindheid van die verpleegkundige studiegebied is dit uiters belangrik dat die verpleegkundige akademië hulle bydrae tot die uitbou van hul vakgebied deur akademiese navorsing as noodsaaklik aanvaar en as uitdaging aangryp. Die verpleegonderwys gaan gebuk onder die problematiek van min gesaghebbende verpleegliteratuur in die moedertaal en uit eie bodem.

Die student en leerkrag word gedwing om te put uit literatuur wat kultuurvreemd en lewensbeskoulik dikwels onaanvaarbaar is. By gebrek aan leiding en in geval van onkunde by die professioneel nie-volwassene kan sodanige norme verwarrend wees of selfs tot misvormde standpunte aanleiding gee. In die lig van die dilemma van die affektiewe, geestelike en morele afstomping van ons tyd en van die probleem van dehumaniserende en eties verwarrende elemente wat die ontvanger van genees- en verpleegkundige dienste bedreig, is dit uiters noodsaaklik dat die verpleegstudent vandag lewensbeskoulik suiwer onderlê word.

Ons leef in 'n tyd waar die mens homself beleef asof deur die tegnologie en die wetenskap vasgevang in 'n drukkang van prosesse wat dreig om hom

van sy identiteit te beroof. Die verpleegkundige het in die gesondheidspan as eiesoortige en onmisbare taak benéwens die instrumentele óók die ekspressiewe, naamlik die vermensliking van die dienste: die vertolking van die wetenskap en tegniek aan die pasiënt tot aanvaarbaarheid; die skep van 'n milieu van gemoedelikheid, vertrouwe, warmte, geborgenheid en bewaring van intimiteit; die verwerkliking van die geloof in die moontlikhede van die pasiënt deur terapeutiese hulpverlening en ondersteuning en só geleidelike oorbodigmaking van haarself. Só sien die verpleegberoep in Suid-Afrika die taak van die professionele verpleegster. In die literatuur tot haar beskikking kom daar egter maar min hiervan tereg. Inderdaad, die literatuur verskaf dikwels veel teenstrydig met hierdie siening. Daar loop huidig trouens 'n vlaag van tegnifisering van die totale verpleegkundige taak in baie van die buitelandse beskouinge in die gedaante van 'n sisteembenadering met modelle, bloudrukke en allerlei meer prosesmatige uitvloeisels, wat op die keper beskou min ruimte laat vir ware professionele groei.

Die verpleegonderwys het dus as besondere taak die diepgaande en voortgesette navorsing van die verpleegkundige arbeidsveld ten einde tot basiese teorievorming te kom wat 'n eie identiteit vertoon en in die eie landelike kultuur gewortel is. Geen vakgebied kan groei en floreer en waarlik diensbaar wees as dit aan eie identiteit en aan akademiese suiwerheid mank gaan nie. Vanweë die agterstand omdat nagraadse verpleegonderwys vir die lewering van verpleegnavorsers in Suid-Afrika skaars 'n dekade oud is, rus daar in hierdie verband 'n groot verpligting op die skouers van die verpleegakademici: enersyds om ter wille van die onderrig van die student en die samelewing in wie se diens sy staan vakkundig op hoogte te bly, en andersyds, om nie net tred te hou met die dinamiek in die samelewing en in die wetenskaplike arbeid nie, maar dit weliswaar vooruit te bly¹⁵⁾.

DIE ONDERWYSTAAK VAN DIE VERPLEEGONDERWYS

Vergun my om op hierdie stadium uit 'Die Profeet' van Kahlil Gibran die volgende aan te haal:

“Toe sê 'n onderwyser: Praat met ons oor Onderwys. En hy sê: Geen mens kan aan julle iets openbaar wat nie reeds half sluimerend in die môreskemering van julle kennis lê nie.

Die onderwyser wat tussen sy volgelingen in die skaduwee van die tempel wandel, gee nie van sy wysheid nie, maar eerder sy geloof en sy liefdevolheid.

As hy inderdaad wys is, sal hy jou nie gebied om die huis van sy wysheid binne te tree nie, maar jou eerder lei na die drempel van jou eie verstand”¹⁶⁾.

In die voorbereiding van die student vir professionele verpleegkundige praktyk

as lewensbelangrike dienslewering aan die gemeenskap, en uit hoofde van die feit dat die student se bemoeienis met die pasiënt binne die veld van dissiplinêre beheer deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad val, is dit fundamenteel belangrik dat die beginsel van professionele verantwoordbaarheid van die begin af by haar ingeskerp word. Om hierdie rede staan die beginsel van studentaktiwiteit en van die bevordering van selfstandigheid in die verpleegonderwys sentraal.

Ten einde kennisverwerwing te bevorder, word daar in die verwerkliking van die verpleegkundige leerplan besonder hoë eise t.o.v. realisme, verbandhoudendheid, kontemporêre geldigheid en stimulering van denke gestel.

Onderwys gerig op die bevordering van begrip en insig loop noodwendig uit op die vermoë tot selfstandige denke. Verpleegkundige ingryping gegrond op die oordeel verkry uit akkurate en fyn waarneming, gepaard met denkende beplanning, is uiteraard 'n belangrike vereiste vir selfstandige verpleegpraktyk. 'n Aanhaling uit die besinning van W.A. Landman oor effektiewe universiteitsonderrig is hier van toepassing, naamlik: "Om die student te leer dink is om sy begryping en insig te bevorder 'n Denkhouding en 'n bereidheid om te dink moet gewek word en van die student moet denke geëis word"¹⁷⁾. In dié verband beklemtoon Landman die skep van denkgeleenthede deur die dosent in die onderrigsituasie en noem hy as voorbeelde die geleentheid om probleme te analiseer en te formuleer, om objektief verslag te doen, om te "onderskei tussen goeie en slegte wetenskaplike werk, tussen groot idees en waardelose meninge, tussen wetenskapsmense en vakbeoefenaars van formaat en meelopers en produsente van onbenullighede, oppervlakkighede en dubbelsinnighede"¹⁸⁾. Hierdie soort benadering word in die basiese verpleegonderwys, maar ook en veral by die gevorderde student, oor die algemeen hoog aangeslaan en as noodsaaklik beskou.

'n Primêr belangrike opgaaf van die verpleegonderwys aan die universiteit, as voortsetting van die voorafgaande, lê daarin dat dit aan die student die moontlikheid sal bied tot die verwerwing van 'n wetenskaplike houding. Die tekort aan verpleegnavorsers ter verbetering en onderhouding van 'n hoë standaard van dienslewering en die gebrekkige ontplooiing van 'n Suid-Afrikaanse verpleegboekery maak dit toenemend belangrik dat die verpleegonderwys juis in hierdie opsig sal slaag. Die grootste beloning vir die toegewyde onderwyser lê immers in die waarneming van 'n ontwakende hunkering na denke en kennis by 'n student!

In die basiese beroepsvoorbereiding van die verpleegster het die kliniese onderrigveld besondere betekenis. Die kliniese situasie, hetsy in die hospitaalsaal, die operasiesaal, die kliniek, of elders, bied 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede vir onderrig wat dikwels nie as sodanig herken en daarom nie genoegsaam benut word nie.

Dit word deur die verpleegberoep in Suid-Afrika vir die groei van die student tot professionele volwassenheid as noodsaaklik beskou dat sy, gelyktydig met die ontplooiing van haar wetenskaplike kundigheid in die formele onderwysituasie, as lid van die kliniese span in die werklike diensituasie sal funksioneer ten einde onder leiding en toesig van die geneesheer en van haar senior professionele kollegas tot toepassing en inoefening van reeds verworwe kennis te kom. Op dié wyse leer sy geleidelik om die kliniese situasie met sy veelsydige problematiek te hanteer, ook in krisistye; leer sy die volle omvang en aard van haar beroepsverantwoordelikhede in die kliniese veld as geheel ken; raak sy vertrouwd met haar plek binne die span, die aard van haar verhouding met ander spanlede en werkers, asook met die moontlikhede en perke van hul praktyk en die bydrae van elk tot die aktiwiteite en samewerking van die span; leer sy hoe om uiteindelik as spanleier te funksioneer, die werksaamhede van spanlede te organiseer en te korreleer en hoe om aanvullend en vervangend t.o.v. spanlede op te tree; en, laastens, bied dit haar geleentheid om as toerekenbare lid van die beroep te gedy omdat verantwoordelikhede as spanlid toenemend aan haar opgedra word totdat sy uiteindelik gereed is om die beheer van die situasie oor te neem¹⁹). Daar is sekerlik ook geen beter wyse om die verpleegster vir volwaardige taakvervulling voor te berei as die verwerking van beide die instrumentele en ekspressiewe dimensies met betrekking tot die versorging van die mens in die totaliteit van sy afhanklikheid van haar nie.

Dit is egter ter wille van die sinvolle verloop van die professionele emansipering van die jong student uiters belangrik dat daar 'n **realistiese verhouding** bestaan tussen die eise van die formele onderwys en dié van die kliniese veld, as informele onderwysveld. As die doelstellings met die student vanuit hierdie twee areas teenstrydig is, besit die konflik wat hieruit voortkom die moontlikheid van onberekenbare skade vir die opleiding van die student en uiteindelik vir die verpleegpraktyk. Die gehalte van die verpleegonderwys bepaal immers uiteindelik die gehalte van die professionele verpleegkundige dienslewering aan die gemeenskap.

Ten slotte, enkele gedagtes met betrekking tot die spesifieke benadering in die verpleegonderwys. Vanweë die eiesoortige problematiek van die onderwys op tersiêre vlak het dit gebiedend noodsaaklik geword om duidelik onderskeid te maak tussen die opvoedkunde of pedagogiek, as die begeleiding van die kind, en die volwasse-onderwys of andragogie, as die begeleiding van die volwassene. Vanweë die besonder hoë eise vir verantwoordelikeitsaanvaarding wat daar in die kliniese veld van aanvang af aan die verpleegstudent gestel word, is dit belangrik dat die verpleegonderwyser kennis neem van en haarself vertrouwd maak met die inhoud van die andragogie of volwasse-onderwys.

Die toenemende bewuswording van hierdie noodsaak in die totaal van die

onderwys in die ontwikkelde wêreld het 'n verskeidenheid denkstrominge opgelewer. Die denke van die meerderheid toonaangewende buitelandse skrywers oor die andragogie het agogies egter vreemd en onaanneemlik geword. Dit is hoofsaaklik die Nederlanders en Amerikaners wat die mark met hierdie literatuur huidig oorheers. Die besware is soortgelyk aan dié wat vroeër geopper is insake die neiging om die verpleegkunde te tegnifiseer. Die volwasse-onderwys word naamlik beskryf as beplande verandering ('planned change') deur 'n veranderingsagent ('change agent'). Die totale teorievorming gaan hier om die ontwerp van 'n gesistematiseerde proses wat tussen die veranderingsagent en die sogenaamde 'kliënt-sisteem' aan die hand van beïnvloedingstegniese verwerklik word. Hierdie proses is die uitbreiding van 'n aanvanklik driedelige faseteorie, nl. dié van 'unfreezing' as die aanvanklike fase van afbreek van weerstand, 'moving' as die fase waarin die veranderingsproses voltrek word, en 'freezing' as die fase waarin die verandering 'n permanente karakter kry²⁰). Die aanbieding van die een of ander gestruktureerde plan van optrede of leerontwerpmodel is 'n algemene kenmerk by hierdie skrywers.

Enkele voorbeelde hiervan is die gedragsmodifikasie-model en die andragologiese bloudruk onderskeidelik van twee Nederlanders, M. van Beugen²¹) en T.T. ten Have²²), en die leerontwerpmoedele, dit wil sê die organiese model, operasionele model, 'role model', funksionele model, tematiese model en 'change agent'-model, van die Amerikaanse volwasse-onderwysdeskundige Malcolm Knowles²³). Hierdie soort benadering degradeer die onderwys tot die prosesmatigheid van die tegniek en moet noodwendig die leergebeure verstar tot 'n situasie waarin daar van sinvolle leer, as die verkenning en verowering van 'n vakgebied, min sprake is. In die geheel laat dit die akademikus onbevredig en bied dit as sogenaamd wetenskaplike standpunt werklik min ruimte vir ware wetenskaplike verkenning. Ook die onderwys word in die naam van die ontwerp van 'n nuwe selfstandige wetenskap dus oorgestoot tot die gebied van die tegnologie. In 'n akademiese omgewing en in die onderwys, waar gedying tot professionele volwassenheid essensieel is, kan die posvat van hierdie soort wetenskaplik-afgewaterde beskouing nie geduld word nie.

Benewens die opgaaf vir die dosent in die kritiese bestudering van literatuur is dit dus uiters belangrik dat die student die geleentheid gebied word om ander standpunte krities te bestudeer en te analiseer. Biblioteekopdragte en literatuurbesprekings is juis om hierdie rede waardevol in die onderwys.

Dit is nie moontlik om in die bestek van hierdie rede 'n volledige beeld te gee van die vir my aanvaarbare andragologiese benadering nie. Enkele belangrike gedagtes word egter ter verheldering aangebied. Die volwassene as student word uiteraard anders benader as die kind, hy is immers lewenspligtige mens: nogtans steeds menswordend. In dié sin is die bestaan van die volwassene

as't ware daaglik afgestem op die bemagtiging van nuwe kennis, kundighede en vaardighede. Sô noodwendig is hierdie feit dat C.K. Oberholzer dit as volg stel:

“Dit is so belangrik om te besef dat die verowering van nuwe kennis en ook die geslaagde implementering daarvan onmisbare voorwaardes vir 'n suksesvolle lewe op andragogiese niveau is”⁽²⁴⁾.

Meerdere menswording by die volwassene het dus opgawekarakter — dit is outogestruktureerd, dit is selfopvoeding as persoonlike wils- en gewetensvormende funksie⁽²⁵⁾ — ‘ek kan anders word, daarom wil en móét ek anders word’ — dit dui op die meerdere gevoeligheid en bewustheid by die ware volwassene van sy roeping as mens om met die kwaliteit van sy lewe steeds beter en met groter verantwoordelikheid op sy aangesprokenheid te antwoord. Dit geld die totaál van sy bestaan, personaal, in die gesin, in die gemeenskap — as hunkering tot meerdere verantwoordelike deelname aan die lewe in al sy fasette.

Die feit dat die volwassene tot selfstandige genormeerde bestaan in staat is, maak begeleiding in die totale betekenis daarvan in die onderwyssituasie egter nie onnodig nie. Dit impliseer eerder 'n ander beklemtoning van basies dieselfde beginsels — dit is steeds nodig dat die dosent

- * **medeganger van die student sal word** in die verkenning en oopdekking van die vreemde situasies. Deelgenootskap aan die wêreld van die student in die doelbewuste en sistematiese begeleiding van haar tot die werklikheid maak die totale verloop van die gebeure meer sinvol vir beide betrokkenes;
- * **die student sal aanvaar** en eerbiedig as gelykwaardige mens ongeag herkoms, status, geloofsoortuiging, voorkoms, standpunt, ensovoorts. Agting vir die ander as draer van waardigheid dwing agting af;
- * **vir die student beskikbaar sal wees.** Hierdie word as 'n uiters belangrike beginsel in die verpleegonderwys beskou. Die student word dikwels oorva en deur die harde werklikhede in die kliniese situasie ooreis en selfs oorweldig. Benewens spreekure vir studente word die ‘oopdeurstelsel’ so ver as wat prakties uitvoerbaar is in die Departement Verpleegkunde gehandhaaf. Benewens die beginsel van voogdosente word 'n doelbewuste poging deur elke leerkrag, insluitend die Departementshoof, aangewend om elke student op voorgraadse en gevorderde vlak te leer ken. Dit bevorder vrymoedigheid by studente om hulp te soek wanneer nodig. Dit is onvergeeflik om die student uit te lewer aan die werklikhede van die aard van dié van die geneeskundige en verpleegkundige beroepsveld. Die student wat in die ope veld van beroepsmoontlikhede vandag bereid

is om verby die materialistiese te kyk en 'n veeleisende loopbaan van dié aard te volg, is gewoonlik vol geesdrif en mooi ideale en hunkerend na die geleentheid om haar in dienslewering aan die medemens toe te wy.

Dit is dus die moeite werd om hierdie idealisme te ontgin sodat sy dit uiteindelik in hierdie, as die beroep van haar keuse, aan die maatskappy diensbaar kán maak. Ons jong verpleegstudente is al te dikwels ontnugterde mense — dít is 'n klag teen die verpleegdosent en die kliniese verpleegpersoneel!

- * **'n verhouding van vertroue met die student sal aanmoedig** en hiermee saam die waarborg aan die student sal gee vir die bewaring van intimiteit. Die voorskrif vir professionele geheimhouding in die beroepskode is geldig vir alle verhoudinge, nie net vir dié met die pasiënt nie! Die luister na die student se probleme of ander persoonlike mededeling is deel van die bereidwilligheid van die professioneel volwassene om die student beter te leer verstaan sodat die nodige leiding en ondersteuning aan haar gegee kan word — en om geen ander rede nie. Dit is noodsaaklik dat ons die suiwerheid van ons bedoelinge met die student voortdurend in oënskou neem. Geheimhouding geld ook die tekortkominge van die student in die praktiese situasie. Dit is 'n onderwysaangeleentheid wat met behulp van leiding en voorbeeld en inoefening deur die student onder toesig van die kundige suster of dosent afgehandel en opgevolg word. Dit is noodsaaklik dat die student beoordeel word volgens haar prestasie in spesifieke situasies en nie op grond van die vooroordeel gewek deur die mededeling van 'n dosent op 'n ander vakgebied of die suster van 'n ander saal nie;
- * **simpatieke gesagsleiding aan die student sal verseker.** Suksesvolle onderwys is feitlik geheel en al afhanklik van die bestaan van definitiewe gesag as die stel van grense vir die waarborg van geborgenheidsbeleving by die student. Hierdie beginsel is in die volwasse-onderwys net so belangrik as in die opvoedkundige situasie, want ten spyte van selfstandigheid en van die feit dat die volwassene as selfverwerkliker van gesag aanvaar wil word, kan die volwasse student misluk en inderdaad oortree. Soos in die voorafgaande is die bewaring van intimiteit ter wille van die behoud van vertroue in hierdie situasie primêr belangrik. Gesag het hier nie net betrekking op gesag uit hoofde van die status van die dosent in die situasie nie, maar ook en veral op gesag kragtens die norm en die meerdere kundigheid van die dosent;
- * **die student immer sal sien as in 'n besondere toekomstigheid** — nie soos hy is nie, beklemtoon Oberholzer, "maar soos hy kan wees, moet wees en behoort te wees"⁽²⁶⁾. Dit wek 'n gevoel van geborgenheid by die student wanneer die vertroue bestaan dat die ander haar vorming en mens-

wording — háár toekoms — op die hart dra, háár in haar toekomstigheid sien, asof reeds dáár. Dit gee aan die student die sekerheid dat dit vir die saalsuster, die matrone, die dosent, nie net gaan om nóg iemand om die getalle toereikend te maak nie, maar inderdaad om die skep van moontlikhede sodat sy haar ideaal om professionele verpleegster te word, kan verwesenlik. Vir die so noodsaaklike wekking en versterking van selfvertroue by die student is die herhaalde bewys en versekering van vertroue en geloof in haar as mens onmisbaar.

Dit sou onrealisties wees om te aanvaar dat die jong nuwelingstudent volwassenheid ten volle bereik het; dit gaan immers om die geleidelike verwerving van 'n meerdere greep op die wêreld van volwassenheid. Daar is nie sprake van plotselinge en absolute skeiding tussen adolessensie en volwassenheid nie. By die verwerking van bogemelde beginsels sal daar in die oorgangstadium tot volwassenheid dus deur gradering die nodige aanpassings gedoen moet word.

SLOT

Die vermaninge van die apostel Petrus aan die ouderlinge en jongmense aangaande hul pligte spreek my telkens wanneer ek dit lees aan as besonder toepaslik vir oorweging in die onderwyssituasie. Hy sê:

“Ek vermaan die ouderlinge onder julle ...

Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik;

nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.

En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang.

Net só moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade”. (I Petrus 5:1–5).

Gedagtig aan die diepe klank en besondere betekenis van die woorde ‘herders’, ‘toesig’, ‘kudde’ en ‘erfdeel’ in die gedeelte lê daar in hierdie verse onmiskenbaar 'n grootse opdrag wat met blymoedigheid en geloof, maar ook met die grootste verantwoordelikheid, volvoer moet word.

Die verpleegonderwys, soos alle onderwys, verg geestelike sprankeling, intellektuele lewenskragtigheid, maar ook ernstige oorweginge, toewyding en opoffering van die verpleegleerkrag, want **sy stig professioneel verpleegkundige toekoms**. Vanweë die moontlikhede in die onderwys vir die verwerkliking van skeppingswaardes bied dit onvergelyklike beloning en vreugde. Dit bied egter geen definitiewe en omskrewe waarborge nie. Deel van die uitdaging en mooiheid daarvan lê juis in die faktor van onbekendheid en in die feit dat die enigste ware sekerheid op die vlak van die **GELOOF** lê, geloof in die arbeid, geloof in die eie oortuiginge, geloof in die student, geloof in die ewige waardes, en op die vlak van die eie **BEREIDWIL-LIGHEID** tot toewyding.

Ek haal graag die woorde van Thomas Carlyle aan:

“Dis mooi en goed om te sien en te wéét dat niks waardevol, bekend of onbekend, ooit op hierdie aarde kan sterf of vergaan nie”⁽²⁷⁾.



SUMMARY

The nature and scope of education in nursing are determined by the development and extension of the role of the nurse in health services and the concept of nursing as such. The following factors have created new demands and thus contributed towards a re-definition of education in nursing: the nature of the didactic scene in the basic education of nurses; the changing nature of inter-personal relations in the field of health; the changing interpretation of the concept of a 'patient'; and the demands inherent in modern health sciences as well as the contemporary role of the nurse.

Nursing education is committed to the extension of the science of nursing, and to the development of literature on nursing within a framework of cultural identity. The emphasis is on continual research. It is further committed to the creation of a specific milieu, essential to the student of nursing who desires to become a professionally competent member of the health team as well as a mature, educated member of the community.

Because nursing education is part of vocational education, the principles it embodies are essentially those of modern adult education. As in education in general, the challenge of education in nursing lies in discovering the potential of each student. The teacher's *raison d'être* is derived from personal conviction, and from a recognition of the necessity of commitment and dedication.

BRONNE

- 1) Searle, C. 1972. *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika*. Kaapstad, Struik, p.135.
- 2) Dolan, J. 1964. *Goodnow's history of nursing*. 11de uitgawe. Philadelphia/London, Saunders, p.207.
- 3) *Ibid*, p.224.
- 4) Seymour, L.R. 1954. *Selected writings of Florence Nightingale*. New York, MacMillan. p.333.
- 5) *Ibid*, p.357.
- 6) Dolan, J. *Op. cit.*, p.228.
- 7) Carr-Saunders, A.M. & P.A. Wilson. 1964. *The professions*. London, Frank Cass, p.119.
- 8) Seymour, L.R. *Op. cit.* p.356.
- 9) *Ibid*, p.333.
- 10) Searle, C. 1975. *Some aspects of nursing education*. Pretoria, SANA. p.2.
- 11) Rekords van die Universiteit van Pretoria.
- 12) ICN, 1970. *Focus on the future*. Basel/München/New York, Karger, p.126.
- 13) Kotzé, W.J. 1974. *Verantwoordbare leierskap in die verpleegadministrasie*. Pretoria, SAVV, p.165.
- 14) Allison, S.E. et al, 1973. *Concept formalization in nursing*. Boston, Little, Brown & Company, p.38.
- 15) Dreyer, P.S. *Die noodsaak en essensie van akademiese arbeid*. (Referaat) p.3.
- 16) Gibran, Kahlil, 1974. *Die profeet*. 2de uitgawe, tweede druk. Pretoria, Van Schaik, p.67.
- 17) Landman, W.A. 1973. *Effektiewe universiteitsonderwys*. (Dosentekursus U.P.) p.18.
- 18) *Ibid*, p.18.
- 19) Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging 1970. *Verslag oor Verpleegonderwys in die Republiek van Suid-Afrika en die Gebied van Suidwes-Afrika*. Pretoria, SAVV, pp.23, 24.
- 20) Van Beugen, M. 1974. *Sociale Technologie*. Assen, Van Gorcum, pp.59—61.
- 21) *Ibid*, p.128.
- 22) Ten Have, T.T. 1973. *Andragologie in blaudruk*. Groningen, Tjenk Willink.
- 23) Knowles, M.S. 1975. *The modern practice of adult education*. 6de druk. New York, Association Press, pp.355—361.
- 24) Oberholzer, C.K. 1975. *Grondbeginsels van die onderrig op tersiêre vlak*. Studiebrief I. Pretoria, UNISA, p.9.
- 25) *Ibid*, p.9.
- 26) Oberholzer, C.K. 1975. *Grondbeginsels van die onderrig op tersiêre vlak*. Studiebrief III. Pretoria, UNISA, p.31.
- 27) Van der Colff, K. 1972. *Woorde wat leef*. 1ste druk. Kaapstad/Johannesburg, Tafelberg-uitgewers, p.9.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr. P.C. Coetzee.
2. "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof. B.F. Nel.
3. "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv. E.H. Louw.
4. "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof. J.H. v.d. Merwe.
5. "Livestock Philosophy" — Prof. J.C. Bonsma.
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof. J.C. Bonsma.
7. "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958".
8. "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof. H.J.J. Reynders.
9. "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof. S.H. Lombard.
10. "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof. J.J. Matthee.
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof. D.G. Steyn.
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part 1" — Dr. C.J. Liebenberg.
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types" — Dr. C.J. Liebenberg.
14. "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof. D.G. Steyn.
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr. C.P. Snyman.
16. "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. D.M. Joubert.
17. "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof. P.M. le Roux.
18. "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof. A.J.A. Roux.
19. "Die soek na Kriteria" — Prof. A.P. Grové.
20. "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof. E.B. van Wyk.
21. "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof. D.J. Stoker.
22. "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof. P.C. Snijman.
23. "Freedom — What for" — K.A. Schrecker.
24. "Once more — Fluoridation" — Prof. D.G. Steyn.
25. "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof. P.C. Coetzee.
26. "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof. J.A. Lombard.
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr. C.J. Liebenberg.
28. "Die Inligtingsprobleem" — Prof. C.M. Kruger.
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof. D.G. Steyn.
30. "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof. F. van der Stoep.
31. "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof. Anna S. Pohl.
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr. D. Page.
33. "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof. J.J.N. Cloete.
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof. J.A.E. Leue.
35. "Analitiese Chemie" — Prof. C.J. Liebenberg.
36. "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof. D.J.L. Visser.
37. "Moses by die Brandende Braambos" — Prof. A.H. van Zyl.
38. "A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1" — Prof. N. Grobbelaar, M.C. van Beyma en C.M. Todd.
39. "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof. S.P.J.J van Rensburg.
40. Samevattinge van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964.
41. "Universiteit en Musiek" — Prof. J.P. Malan.

42. "Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof. P.S. Groenewald.
43. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965.
44. "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof. G. Cronjé.
45. "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof. D.G. Haylett.
46. "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966.
48. "Op Soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof. W.A. Landman.
49. "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof. D.F. Mostert.
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967.
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof. Douw G. Steyn.
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof. D.G. Steyn.
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof. H.P. van der Schijff.
54. "Aspects of Personnel Management" — Prof. F.W. Marx.
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968.
56. "Sport in Perspektief" — Prof. J.L. Botha.
57. "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof. J.A. Heyns.
58. "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof. P.C. Nel.
59. "Die Verhoudingsstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof. M.C.H. Sonnekus.
60. "Kristalhelder Water" — Prof. F.A. van Duuren.
61. "Arnold Theiler (1867—1936) — His Life and Times" — Dr. Gertrud Theiler.
62. "Dr. Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof. P.R. Skawran.
63. "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof. F.J. du Toit Spies.
64. "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M. Prax. Med.) van die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
65. Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969.
66. "Kunskritiek" — Prof. F.G.E. Nilant.
67. "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof. D.P. Knobel.
68. "Die Probleme van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof. F.J. Potgieter.
69. "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof. P.S. Dreyer.
70. "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr. G.W. v.d. Merwe.
71. "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof. W.L. Jenkins.
72. "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof. J.O. Grunow.
73. "Some Problems of Space and Time" — Mnr. K.A. Schrecker.
74. "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof. J.P. Oberholzer.
75. Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972.
76. "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof. D.J. Swiegers.
77. "'n Homiletiese Herwaarding van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof. J.J. de Klerk.
78. "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof. C.J. van Dyk.
79. "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof. J.M.T. Labuschagne.
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan.—9 Feb. 1973.
81. "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof. R.D. Coertze.
82. "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof. F.W. Marx.
83. "Bakensyfers vir Diereproduksie" — Prof. D.R. Osterhoff.
84. "Die Ontwikkeling van die Geregte Geneeskunde" — Prof. J. Studer.
85. "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof. J.L. Botha.

86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus.
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
88. "Opleiding in bedryfseksonomie in die huidige tydvak" — Prof. F.W. Marx.
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof. S.R. van Jaarsveld.
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa. A report on a three-day invitation conference: 11—13 April 1973.
91. "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof. L. Peeters.
92. "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk — Prof. P.B. van der Watt.
93. "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof. J.M.W. le Roux.
94. Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie—6 Februarie 1975.
95. "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof. G. van N. Viljoen.
96. "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof. G.N. Louw.
97. "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966—1975".
98. "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof. P.J. Potgieter.
99. "Inligtingsbestuur" — Prof. C.W.I. Pistorius.
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr. Anton Rupert.
101. "Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof. J.G. Duvenage.
102. "Keel- Neus en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof. H. Hamersma.
103. Dosentesimposia 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentesimposia.

ISBN 0 86979 004 8

V&R Pta.